# LAERSKOOL BOEREFORT

# GEDRAGSKODE VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS

## INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Titel van die Beleid | bl 3 |
| 2. | Datum van inwerkingtreding | bl 3 |
| 3. | Datum van volgende hersiening | bl 3 |
| 4. | Hersieningsinligting | bl 3 |
| 5. | Inleiding | bl 3 |
| 6. | Doel | bl 3 |
| 7. | Wetsvereistes van die beleid | bl 3 |
| 8. | Regte van ouers | bl 3 |
| 9. | Verantwoordelikhede van ouers | bl 4 |
| 10. | Gedragskode vir ondersteuners | bl 5 |
| 11. | Verontagsaming van die gedragskode | bl 6 |
| 12. | Kort Titel | bl 6 |
| 13. | Goedkeuring | bl 6 |
| 14. | Bylaag 1:<br>Gedragskode vir ouers en ondersteuners (Dagboek) | bl 7 |

1. **Titel: Gedragskode vir ouers en ondersteuners**

2. **Datum van inwerkingtreding:** Augustus 2015

3. **Datum van volgende hersiening:** Augustus 2020

4. **Hersieningsgeskiedenis**

| **Hersien: (Datum en persoon verantwoordelik)** | |
|---|---|
| Persoon: Mnr Fourie | Datum: 28 Augustus 2019 |

5. **INLEIDING**

Die ouer bly die primêre opvoeder van die kind en is dus verantwoordelik vir die opvoeding van die kind. Hierdie primêre verantwoordelikheid mag nie in die hande van die skool gelaat word nie.
Die skool darenteen behartig veral die deel van die opvoedingstaak wat weens die gespesialiseerde aard daarvan, nie deur die ouer uitgevoer kan word nie.
Die skool en die gesin het dus elkeen sy eie taak om te vervul. Die een kan nie die taak van die ander suksesvol oorneem nie. Daarom is hulle ten nouste by mekaar betrokke en word hulle genote in die opvoeding van die kind.

Ouerbetrokkenheid by die skool word bepaal deur die kwaliteit en kwantiteit betrokkenheid van die ouer by sy eie kind. Ouerbetrokkenheid begin in die gesin en die ouer wat nie by sy kind betrokke is nie sal moeilik tot betrokkenheid by die skool gemotiveer word.

Volwasse ouerbetrokkenheid veronderstel verstandige besluite en duidelike riglyne aan die kinders oor wat mag en nie mag nie t.o.v. werkshouding, getrouheid, entoesiasme, pligsbesef, verantwoordelikheid, vryetydsbesteding, optrede teenoor opvoeders en maats asook die vestiging van Christelike lewenswaardes, aanleer van maniere en etiket en die ontwikkel van 'n eie lewenshouding.

6. **DOEL**

Om te verseker dat ouers/ondersteuners te alle tye 'n goeie beeld van Laerskool Boerefort uitdra, omdat ouers/ondersteuners 'n belangrike skakel tussen deelnemers, die skool en die publiek is. Ouers is bewus daarvan dat hulle oor sekere regte beskik in terme van die Grondwet, tog erken hulle ook dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer daarom hierdie regte.

7. **WETSVEREISTES VAN DIE BELEID**

In enige wederregtelike optrede sal die bestaande landswet geld.
Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet no 108 van 1996).
Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no 84 van l996).

8. **REGTE VAN OUERS**

- 'n Ouer wat demokraties verkies word mag op die Beheerliggaam dien.
- Mag verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die Skolewet.
- Moet gereeld op hoogte gehou word van sy/haar kind se vordering t.o.v. skoolaktiwiteite en gedrag.
- Mag enige probleem wat verband hou met die skool, die onderwyser of skoolhoof op so manier bespreek dat geen persoon se integriteit afgekraak of sy regte aangetas word nie.
- Deelneem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die skool verlang word.
- Gereeld terugvoer vanaf die skool ontvang t.o.v. hul kind se vordering.
- Hulle gereeld verslae en rapporte ontvang t.o.v. die akademiese vordering van hulle kind.
- Die kind se akademiese vordering gereeld met die onderwyser en die kind self bespreek word.

## 9. VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS

- Eerstens - om aan hulle kind 'n veilige en geborge opvoeding te gee waardeur die kind se volle potensiaal ontwikkel word.
- Om toe te sien dat -
  - hulle kind met die regte skooldrag skool toe kom wat duidelik gemerk is.
  - hulle kind betyds opdaag voor die skooldag amptelik begin.
  - hulle kind/ers daagliks skool bywoon en indien die kind afwesig is, dit onder die aandag van die skool te bring.
  - die skool 'n afwesigheidsbrief ontvang wanneer die kind weens siekte afwesig was.
  - kinders betyds na skool en na-uurse skoolaktiwiteite opgelaai sal word omdat die skool nie verantwoordelikheid kan neem vir leerders na ure nie.
  - wanneer 'n kind vroeg die skool moet verlaat, hulle self die nodige reëlings tref en die kind persoonlik by die kantoor kom afhaal en uitteken.
  - hulle self die kind by die skool kom afhaal wanneer die kind by die skool seergekry het en mediese versorging benodig.
  - die kind nie skool bywoon as hy siek is nie.
  - die kind gesond en skoon is.
  - Dat hy/sy geïmmuniseer is soos deur die Gesondheidsdepartement vereis word.
  - die nodige medikasie aan die skool voorsien word indien hulle kind enige allergiese toestand het.
  - die kind die nodige skryfbehoeftes en benodigdhede het om hulle klaswerk en tuiswerk te doen.
  - alle boeke oorgetrek en goed opgepas word en die nodige materiaal voorsien om die boeke so te versorg bv. plasties en stewige tasse met afskortings sodat die handboeke nie onnodig buig nie.
  - alle beskadigde boeke vervang word.
  - die kind goed voorbereid skool toe kom en dat hulle huiswerk deeglik gedoen is.
  - hulle gereeld die kind se skrifte nagaan en 'n handtekening maak soos versoek deur die personeel.
  - die skool voorsien is van die nodige telefoonnommers, adresse en geboorte-sertifikate.
  - die kind nie in besit is van enige gevaarlike wapens.
  - die kind nie in besit is van enige onwelvoeglike materiaal.
  - geen persoon se veillgheid op die skoolterrein, deur hul kind bedreig word nie.
  - As ouer gewus is dat n kind kopluise het, nie die kind skool toe te stuur voordat die kop skoon is nie.

- Ouers behoort -
  - 'n positiewe verhouding te kweek tussen die leerder, onderwyser en die skool deur aktief betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool
  - die skool se ouervergaderings by te woon.
  - entoesiasties te wees oor die skool se buitemuurse program.
  - dit vir hulle kind moontlik te maak om aan die skool se buitemuurse program deel te neem.
  - die funksies, gesellighede en ander aktiwiteite van die skool te ondersteun
  - die skool te ondersteun tydens fondsinsamelingsprojekte, omdat hierdie fondse tot voordeel van die kind aangewend word.
  - bereid te wees om tydens funksies te help.
  - hoflik en vriendelik op te tree by die skool
  - **hulle neer te lê by die skool se dissiplinêre stelsel en toesien dat die kind die skoolreëls gehoorsaam**.
  - die skoolreëls saam met hulle kinders deur te gaan.
  - goedgekeurde strafmaatreëls wat deur die skool ingestel is teen die leerder, te aanvaar.

- die waarheid te aanvaar wanneer daar op eerlike wyse oor die kind se vordering en gedrag met hulle gepraat word.
- enige verandering in die kind se omstandighede onder die aandag van die personeel bring.
- hulle neer te lê by die meerderheidsbesluit van vergaderings rakende die skool.
- alle nie-onderwyspersoneel, besoekers, administratiewe personeel en terrein-werkers met agting en respek hanteer.
- die multikulturaliteit en andersheid van mede-ouers te erken.
- op te tree sodat die menswaardigheid van geen ouer, onderwyser of leerder aangetas word nie.
- eers die onderwyser, hoof of beheerliggam spreek voordat hulle, hulle tot die media wend.
- nie die skool of personeel op sosiale media bespreek nie.
- enige skade aan die geboue, ander toerusting of meubels wat deur hulle kind aangerig is, te herstel of vervang.
- alle omsendbriewe te lees en daarop reageer indien daar skeurbriefies aan is.
- wanneer hulle die skoolhoof wil spreek, vooraf 'n afspraak met die kantoor reël.

- Ouers mag onder geen omstandighede -
  - alkohol of tabakprodukte op die skoolterrein gebruik nie.
  - personeel in klastyd pla of intimideer nie.
  - direk na 'n personeellid se klas toe gaan nie. Meld eers by die kantoor aan.
  - reg in eie hande neem by die skool nie.
  - 'n kind van 'n ander ouer konfronteer nie - meld die probleem by 'n personeellid aan.

Alle ouers moet gereeld hulle kind se skoolgeld betaal of skriftelik 'n reëling tref met die Finansiële komitee.

10. **<u>GEDRAGSKODE VIR ONDERSTEUNERS</u>**

- Om spankeuses van span afrigters te respekteer en hulle ruimte te gee om hulle afrigting te doen.
- Om hulself te weerhou van opmerkings teenoor die skeidsregter en ander toeskouers tydens sportbyeenkomste.
- Hulle te weerhou van geweldadige optrede, onwelvoeglike en lasterlike taal en gedrag.
- Hulle kind aanmoedig om deel te neem aan sport en om volgens die reëls van die spel te speel.
- Bedagsaam te wees in hulle kommunikasie met afrigters en beamptes.
- Nie in te meng met afrigting en verwante sake nie.
- Die kind te ondersteun ongeag watter span hulle in speel.
- Altyd vir die kind "daar" te wees al het hulle verloor.
- Om nooit die afrigter in die kind se teenwoordigheid te kritiseer nie.
- Die gedrag en optrede van alle personeel en leerlige is aan die skoolbestuur en skoolhoof verantwoordbaar. Meld enige probleme eers by die Departementshoofde, Adjunkhoof of Hoof aan en as dit nie bevredigend opgelos word nie, by die Beheerliggaam.
- Om die algemene Suid-Afrikaanse mentaliteit dat dit die afrigter/skeidsregter se skuld is te vermy.
- Om nie u eie sportloopbaan (of gebrek daaraan) deur die kind te wil voortleef nie.
- Nie langs die veld te staan en skree nie.
- Hanteer besoekers en deelnemers/spelers van ander skole met respek.
- Moedig u kind aan om eerstens vir die skool deel te neem en daarna vir buite-instansies.
- Moedig u kind aan om gereeld oefeninge by te woon en vermy ander afsprake gedurende oefentye.
- Indien u 'n negatiewe opinie of opmerking omtrent 'n skeidsregter/afrigter/onderwyser/deelnemer het, hou dit vir uself en vergewis u eers van die korrekte reëls/omstandighede alvorens u 'n mening lig met die nodige respek.

- Leer u kind om te volhard; indien hy/sy by 'n sportsoort/kultuuraktiwiteit aansluit, moet hulle nie toelaat om in die middel van die jaar/seisoen op te hou nie.

11. **VERONTAGSAMING VAN DIE GEDRAGSKODE**

Ouers wat hierdie gedragskode nie nakom nie sal deur die beheerliggaam versoek word om in gesprek te tree in die verband.
Ouers wat volhard in die verontagsaming van die gedragskode sal sekere geleenthede/byeenkomste by die skool belet word.

12. **Kort Titel**: Gedragskode vir ouers en ondersteuners

13. **GOEDKEURING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aanbeveel deur: | Skoolhoof:<br>(Naam in drukskrif) | Handtekening: | |
| Datum: | | | |
| Goedgekeur deur: | Voorsitter BL:<br>(Naam in drukskrif) | Handtekening: | |
| Datum: | | | |
| Verifieer deur: | Distriksdirekteur:<br>(Naam in drukskrif) | Handtekening: | |
| Datum: | | | |
| Gesertifiseer deur: | (Naam in drukskrif) | Handtekening: | |
| Datum: | | | |

Bylaag 1

# Gedragskode vir ouers en ondersteuners

Die doel is om u as ouer bewus te maak van u regte in terme van die Grondwet, maar ook om ander mense se regte te erken en te respekteer.

Ons ouers/voogde van ________________________________ onderneem om/dra kennis van:

1. **REGTE VAN OUERS:**
   - 'n Ouer wat demokraties verkies word mag op die Beheerliggaam dien.
   - Mag verwag dat die standaard van onderwys korrek en in lyn is met die beginsels soos vervat in die Skolewet.
   - Moet gereeld op hoogte gehou word van sy/haar kind se vordering t.o.v. skoolaktiwiteite en gedrag.
   - Mag enige probleem wat verband hou met die skool, die onderwyser of skoolhoof op so manier bespreek dat **geen persoon se integriteit afgekraak of sy regte aangetas word nie.**
   - Deelneem in die besluitnemingsprosesse en funksies soos van tyd tot tyd deur die skool verlang word.
   - Gereeld terugvoer vanaf die skool ontvang t.o.v. hul kind se vordering.
   - Hulle gereeld verslae en rapporte ontvang t.o.v. die akademiese vordering van hulle kind.
   - Die kind se akademiese vordering gereeld met die onderwyser en die kind self bespreek word.

2. **VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS:**
   - Eerstens - om aan hulle kind 'n veilige en geborge opvoeding te gee waar deur die kind se volle potensiaal ontwikkel word.
   - Om toe te sien dat -
     - hulle kind met die regte skooldrag skool toe kom wat duidelik gemerk is.
     - hulle kind **betyds opdaag** voor die skooldag amptelik begin.
     - hulle kind/ers daagliks **skool bywoon** en indien die kind afwesig is, dit onder die aandag van die skool te bring.
     - die skool 'n **afwesigheidsbrief** ontvang wanneer die kind weens siekte afwesig was.
     - kinders betyds na skool en na-uurse skoolaktiwiteite opgelaai sal word omdat die skool nie verantwoordelikheid kan neem vir leerders na ure nie.
     - wanneer 'n kind vroeg die skool moet verlaat, hulle self die nodige reëlings tref en die kind persoonlik by die kantoor kom afhaal en uitteken.
     - hulle self die kind by die skool kom afhaal wanneer die kind by die skool seergekry het en mediese versorging benodig.
     - die kind nie skool bywoon as hy siek is nie.
     - die kind gesond en skoon is.
     - Dat hy/sy geïmmuniseer is soos deur die Gesondheidsdepartement vereis word.
     - die nodige medikasie aan die skool voorsien word indien hulle kind enige allergiese toestand het.
     - die kind die nodige skryfbehoeftes en benodigdhede het om hulle klaswerk en tuiswerk te doen.
     - alle boeke **oorgetrek en goed opgepas** word en die nodige materiaal voorsien om die boeke so te versorg bv. plasties en stewige tasse met afskortings sodat die handboeke nie onnodig buig nie.
     - alle beskadigde boeke vervang word.
     - die kind goed voorbereid skool toe kom en dat hulle huiswerk deeglik gedoen is.
     - hulle gereeld die kind se skrifte nagaan en 'n handtekening maak soos versoek deur die personeel.
     - die skool voorsien is van die nodige telefoonnommers, adresse en geboortesertifikate.
     - die kind nie in besit is van enige gevaarlike wapens nie.
     - die kind nie in besit is van enige onwelvoeglike materiaal nie.
     - geen persoon se veillgheid op die skoolterrein, deur hul kind bedreig word nie.

   - Ouers behoort -
     - 'n positiewe verhouding te kweek tussen die leerder, onderwyser en die skool deur aktief betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool

- die skool se ouervergaderings by te woon.
- entoesiasties te wees oor die skool se buitemuurse program.
- dit vir hulle kind moontlik te maak om aan die skool se buitemuurse program deel te neem.
- die funksies, gesellighede en ander aktiwiteite van die skool te ondersteun
- die skool te ondersteun tydens fondsinsamelingsprojekte, omdat hierdie fondse tot voordeel van die kind aangewend word.
- bereid te wees om tydens funksies te help.
- hoflik en vriendelik op te tree by die skool
- hulle neer te lê by die skool se **dissiplinêre stelsel** en toesien dat die kind die skoolreëls gehoorsaam.
- die skoolreëls saam met hulle kinders deur te gaan.
- goedgekeurde strafmaatreëls wat deur die skool ingestel is teen die leerder, te aanvaar.
- die waarheid te aanvaar wanneer daar op eerlike wyse oor die kind se vordering en gedrag met hulle gepraat word.
- enige verandering in die kind se omstandighede onder die aandag van die personeel bring.
- hulle neer te lê by die meerderheidsbesluit van vergaderings rakende die skool.
- alle nie-onderwyspersoneel, besoekers, administratiewe personeel en terreinwerkers met agting en respek hanteer.
- die multikulturaliteit en andersheid van mede-ouers te erken.
- op te tree sodat die menswaardigheid van geen ouer aangetas word nie.
- eers die onderwyser, hoof of beheerliggaam spreek voordat hulle, hulle tot die media wend.
- nie die skool of personeel op sosiale media bespreek nie.
- enige skade aan die geboue, ander toerusting of meubels wat deur hulle kind aangerig is, te herstel of vervang.
- alle omsendbriewe te lees en daarop reageer indien daar skeurbriefies aangeheg is.
- wanneer hulle die skoolhoof wil spreek, vooraf 'n afspraak met die kantoor reël.

- Ouers mag onder geen omstandighede -
  - alkohol of tabakprodukte op die skoolterrein gebruik nie.
  - personeel in **klastyd** pla nie.
  - **direk na 'n personeellid se klas toe gaan nie**. Meld eers by die kantoor aan.
  - reg in eie hande neem by die skool nie.
  - 'n kind van 'n ander ouer konfronteer nie - meld die probleem by 'n personeellid aan.

Alle ouers moet gereeld hulle kind se skoolgeld betaal of skriftelik 'n reëling tref met die Finansiële komitee.

3. **<u>GEDRAGSKODE VIR ONDERSTEUNERS:</u>**
   - Om spankeuses van span afrigters te respekteer en hulle ruimte te gee om hulle afrigting te doen.
   - Om hulself te weerhou van opmerkings teenoor die skeidsregter en ander toeskouers tydens sportbyeenkomste.
   - Hulle te weerhou van geweldadige optrede, onwelvoeglike en lasterlike taal en gedrag.
   - Hulle kind aanmoedig om deel te neem aan sport en om volgens die reëls van die spel te speel.
   - Bedagsaam te wees in hulle kommunikasie met afrigters en beamptes.
   - Nie in te meng met afrigting en verwante sake nie.
   - Die kind te ondersteun ongeag watter span hulle in speel.
   - Altyd vir die kind "daar" te wees al het hulle verloor.
   - Om nooit die afrigter in die kind se teenwoordigheid te kritiseer nie.
   - Die gedrag en optrede van alle personeel en leerlige is aan die skoolbestuur en skoolhoof verantwoordbaar. Meld enige probleme eers by die Departementshoofde, Adjunkhoof of hoof aan en as dit nie bevredigend opgelos word nie, by die Beheerliggaam.
   - Om die algemene Suid-Afrikaanse mentaliteit dat dit die **afrigter/skeidsregter se skuld is** te vermy.
   - Om nie u eie sportloopbaan (of gebrek daaraan) deur die kind te wil voortleef nie.
   - **Nie langs die veld te staan en skree nie**.

- Hanteer besoekers en deelnemers/spelers van ander skole met respek.
- Moedig u kind aan om eerstens vir die skool deel te neem en daarna vir buite-instansies.
- Moedig u kind aan om gereeld oefeninge by te woon en **vermy ander afsprake** gedurende oefentye.
- Indien u 'n negatiewe opinie of opmerking omtrent 'n skeidsregter/afrigter/onderwyser/deelnemer het, **hou dit vir uself** en vergewis u eers van die **korrekte reëls/omstandighede** alvorens u 'n mening lig met die nodige respek.
- Leer u kind om te **volhard**; indien hy/sy by 'n sportsoort/kultuuraktiwiteit aansluit, moet hulle nie toelaat om in die middel van die jaar/seisoen **op te hou nie**.

Handtekening leerder ________________________

Handtekening ouer ________________________

Datum: ________________